



Jackie Kruger

’n Groot man met ’n groot hart wat die talente wat die Here aan hom gegee het sy lewe lank gebruik het om ander te help.

So is die bekende volstruisboer Saag Jonker (85) gister beskryf op ’n kranslegging by die Olifantsrivier in Rooiheuvel.

Jonker se lyk is Dinsdag gevind nadat sy bakkie Sondag deur die vloedwater meege-sleur is toe hy ’n laagwater-brug wou oorskakel.

Die kranslegging is deur Leon Campher, gemeenskaps-leier en stigter van Oudtshoorn Community Against Crime (OCAC), gereël. ’n Groot groep mense, onder wie Jonker se familieleden, werknemers van die Saag Jonker-groep en gemeenskapslede, het dit bygewoon.

Jonker se bakkie is Woensdag met behulp van ’n laaigraaf uit die rivier gehaal.

Die Jonker-familie het vroeër in ’n verklaring gesê die Olifantsrivier was in volle vloed ná swaar reënval in die opvangsgebied suid van Beaufort-Wes. Jonker was onderweg huis toe in sy Toyota Land Cruiser ten tyde van die voorval, nadat hy sy gewone rondes op plase die oggend voltooi het.

Die rivier het gister steeds sterk gevoel toe kranse, bosse blomme en volstruisvere in die water gelaat is. ’n Foto van Jonker en kerse het eenkant gestaan terwyl sommige van die werknemers gehuil het.

Morné Jonker, een van Jonker se seuns, het al die werknemers ’n drukkie gegee.

Stories oor Jonker se werketiek, selfs tot op die einde, sy vrygewigheid en omgee vir die gemeenskap en hoe niemand hom op die grond kon kry nie, in sy rugbydae, is op die kranslegging gedeel. Campher het gesê dit was vir almal ’n skok dat Jonker wat “fiks en gesond was op 85 op so ’n wyse van ons weggeneem is”.

Morné Jonker het op die geleentheid gesê dit wat sy pa vir 40 jaar geproduseer het “kom van dieselfde water waarin hy sy laaste asem uitgeblaas het”.

Hy het verder verwys na lone, salarisse en betalings wat vir die breër gemeenskap so belangrik is om onder meer hulle huise te bou, kos op die tafel te sit en kinders te finansier en gesê dit “kom van die waters van die Klein-Karoo”.

“Laat dit ons ewig dankbaar maak wanneer ons weer reën sien, wanneer ons die riviere sien loop,” het hy onder meer gesê. Hy het ook vir Campher en die gemeenskap bedank vir die kranslegging.

Jonker, stigter van die Saag Jonker-groep – die grootste private volstruisboerdery-, verwerkings- en bemarkingsonderneming ter wêreld – se begrafnisiens is volgende Maandag om 10:00 uit die NG kerk Parkgemeente in Oudtshoorn.

Hy word oorleef deur sy vrou en vier seuns.



’n Foto van die volstruisboer Saag Jonker gister op ’n tafel tydens ’n kranslegging by die Olifantsrivier in Rooiheuvel, Oudtshoorn.

Foto’s: JACKIE KRUGER



Saag Jonker se werknemers gister tydens ’n kranslegging by die Olifantsrivier in Oudtshoorn.

KAAPSTAD DEEL VAN NOODPLAN

Hospitaal ‘reg’ vir Nasa se maansending

Karla van der Merwe

As dinge skeefloop met die Amerikaanse Nasionale Lugvaart- en Ruimteadministrasie (Nasa) se Artemis IV-maansending ná opstyging in 2028, moet Kaapstad paraat wees om onder meer nood-mediese sorg van ’n hoë gehalte te kan verskaf.

Die ruimtetuig wat vir die komende Nasa-geleide sending gebruik sal word, sal die opsie hê om in die see langs die Kaapse kuslyn te land indien die sending skielik ná opstyging gestaak moet word as deel van Nasa se noukeurige noodbeplanning vir enige moontlike gebeurtenis.

Nasa se span vir mediese operasies en noodplanne, gelei deur dr. James D. Polk, het in September die traumasentrum in die Netcare Christiaan Barnard-gedenkhospitaal in Kaapstad besoek, sê die hospitaal in ’n verklaring.

Kaapstad het al voorheen ’n belangrike rol in ruimteverkenning gespeel deur veral as ’n belangrike kommunikasieskakel te dien.

Polk, Nasa se hoof van gesondheid en mediese sake, het gesê met die Artemis-sendings word “die gees van wêreldwye samewerking voortgesit”.

“Ons weet dat jul mediese infrastruktuur en jul traumaspanne van buitengewone kaliber ons ruimtevaarders sal ondersteun,” het Polk gesê.

Die rede waarom Nasa na die Christiaan Barnard-hospitaal gaan kyk het eerder as enige ander in en om die stad, is dat die hospitaal oor vlak-1-akkreditering vir traumasentrums van die Suid-Afrikaanse Traumavereniging beskik, het dr. Andrew Viljoen, ’n algemene chirurg in dié hospitaal se span wat by die Nasa-voorbereidings betrokke is, aan *Die Burger* gesê.

’n Hospitaal moet aan ’n omvattende verskeidenheid vereistes voldoen om vir dié akkredita-



Die Nasa-afvaardiging staan saam met die Netcare Christiaan Barnard-gedenkhospitaal se span op die helikopterlandingsblad op die hospitaal se dak.

Foto: NETCARE



Ek dink dit is ’n mooi bewys van die gehalte van Suid-Afrikaanse gesondheidsorg.

— ANDREW VILJOEN

sie in aanmerking te kom. Dit sluit in dat traumachirurgen en -spesialiste elke dag van die jaar 24 uur per dag gereed is en pasiënte binne 10 minute ná hul aankoms kan sien, het Viljoen gesê. Die intensiewesorgeenheid en operasieteatres moet ook deurlopend beskikbaar wees.

“Nasa was baie tevrede met wat hy gesien het. (Die afvaardiging) het die hospitaal besigtig en die helikopterplatform geïnspekteer – wat belangrik is vir die vervoer van pasiënte, byvoorbeeld vanaf die see na ons geriewe toe,” sê hy.

“Vanuit Nasa se oogpunt voldoen die Netcare Christiaan Barnard-gedenkhospitaal in wese aan die vereistes wat hy vir sy bemanning se versorging stel. Hy is dus nie van plan om van koers te verander nie. Hy is tevrede met die huidige roete wat hy wil volg, en dat ons as hospi-

taal beskikbaar is indien hy ons dienste sou benodig.”

Viljoen sê dit is beslis ’n pluimpie vir die plaaslike gesondheidstelsel dat ’n enorme instelling soos Nasa Suid-Afrika oorweeg as ’n plek waar sy bemanning mediese behandeling kan ontvang indien ’n probleem sou opduik.

Maar hoewel dit vir die hospitaal ’n groot gebeurtenis is om deel van die sending se beplanning te wees, word die Artemis-bemanning nietemin vanuit ’n kliniese oogpunt bloot nog pasiënte wat moontlik met veelvuldige beserings daar kan aankom wat hy gereed is om te behandel.

“Ek dink dit is ’n mooi bewys van die gehalte van Suid-Afrikaanse gesondheidsorg. Ons waardeer dikwels nie ons eie gesondheidsorgstelsel genoeg nie, en ek dink dit is ’n goeie voorbeeld van ons posisie op die wêreldtoneel,” sê hy.

“Dit beteken ook baie vir Suid-Afrikaanse dokters in die algemeen.

“As ’n mens kyk na die opleiding wat ons ondergaan en die skatkis van ervaring, kennis en vermoëns waaroor ons beskik... om werklik op daardie vlak erken te word.”

— karla.vandermerwe@media24.com

Hykie Berg oor sy kankerdiagnose: ‘Dit was ’n groot skok’

Marteli Brewis

Die *Binnelanders*-akteur, wat kykers as Conrad Bester ken, het op sosiale media gedeel dat kanker sowat drie maande gelede by hom gediagnoseer is.

Hykie Berg het in ’n video vertel dat die afgelope maande fisiek en emosioneel uiters moeilik was. Hy is ook in die hospitaal behandel.

Berg het gesê hy het ’n ernstige operasie ondergaan, maar het nie bekend gemaak watter soort kanker by hom gediagnoseer is nie.

Tot dusver het hy die besonderhede van sy behandeling grootliks privaat gehou.



Hykie Berg Foto: FACEBOOK

Drie maande wat alles verander het

Oor die afgelope drie maande het hy ernstige mediese behandeling ondergaan en ’n groot deel van sy ingewande verloor.

Hy verduidelik ook hoe hy in die hospitaal gelê het – ’n beeld wat iets verklaar van hoe uitmergelend en ingrypend die afgelope paar maande vir hom moes wees.

Die diagnose self het hom diep geruk. Tog praat Hykie daaroor met dieselfde openheid waarmee hy deur die jare ander moeilike dele van sy lewe gedeel het.

Vir Hykie was kanker nie bloot ’n woord op ’n uitslag nie. Dit het vinnig ’n fisieke werklikheid geword: hospitaalkamers, prosedures, herstel en ’n liggaam wat by groot veranderinge moes aanpas.

Hoewel hy bekend is as iemand wat moeilike tye kan deur-



Foto’s: MLUNGISI LOUW

40 j. later volg Bloem-seun in pa se voetspore by brandweer

Robyn Schutte

Vir Francois Kritzing was gister nie net die dag waarop hy sy 40ste jaar by die Mangaung-brandweerastasie in Bloemfontein gevier het nie; dit was ook die dag waarop sy 26-jarige seun, Marnus, as brandweerman by dieselfde stasie aangemeld het.

Francois het hom as 22-jarige by die brandweer aangegluit, en nou volg Marnus in sy voetspore.

“Dit is vir my baie spesiaal,” sê Marnus aan *Die Burger*. Dit was van kleins af vir hom besonders om sy pa se werk van nader te leer ken.

“Dit was in die skoolvakansies vir my veral lekker as my pa my hier en daar kon saamneem of ek by die stasie kon kom kuier.”

Die belangstelling in sy pa

se beroep het met die jare gegroei en Marnus het later vir ’n paar jaar in die private brandbestrydingsbedryf gewerk.

Hy het daarna aansoek gedoen om in die openbare sektor te werk – sonder om te weet dat sy eerste werksdag uiteindelik op presies dieselfde datum as sy pa se 40ste diensherdenking sou val.

“Ek het in die week die nuus gekry dat ek op 1 Oktober begin – toevallig op dieselfde dag waarop my pa 40 jaar gelede begin het. Dit is vir my baie spesiaal,” sê Marnus.

Marnus ondergaan tans nog sy opleiding by die brandweer, en dit is nog nie seker of hy ná sy opleiding permanent by die Mangaung-brandweerastasie gestasioneer sal wees nie.

Vir Francois is dit nietemin ’n besonderse oomblik om sy seun nou as ’n kollega te hê.

“Ek dink ons is ook een van net ’n handjievol pa-en-seun-duo’s wat hierdie stasie opgelewer het sedert hy sy deure in 1933 oopgemaak het,” sê hy.

Hoewel Francois en Marnus nou dieselfde beroep deel, het Francois se 40 jaar in die brandweer aan hom ’n beskoue gegee wat sy seun eers mettertyd sal kry. Wat hom die meeste van die afgelope vier dekades bybly, is hoe drasties die tegnologie verander het – terwyl iets veel belangriker dieselfde gebly het: die kameraadskap.

Francois het nog drie jaar oor voordat hy moet aftree. Hy hoop egter dat hy en Marnus in dié tyd die geleentheid sal kry om nog ’n paar skofte saam te werk – as kollegas.

Trump, Musk rook vredespyp vir projek

Die tegnologie miljardêr Elon Musk keer eersdaags na die Amerikaanse regering terug nadat hy aangewys is om hand aan hand met die Pentagon te werk. Hy sal saam met ander leiers aan die hoof staan van “Project Meridian”.

Die stap volg op ’n gespanne tydperk in die verhouding tussen Musk en pres. Donald Trump. Musk het vroeër gedien as senior raadgever van die president en hoof van ’n tydelike regeringsorganisasie wat in die wandel as die departement van regeringsdoeltreffendheid

(Doge) bekend gestaan het.

Hy het egter in Mei 2025 die regering verlaat nadat hy en Trump openlik swaarde gekruis het oor staatsbesteding.

Pete Hegseth, minister van oorlog, het in sy toespraak op die Quantico-militêre basis aangekondig Project Meridian sal dien as ’n inisiatief vir Amerika om die toekoms van gewapende konflik te ondersoek. Volgens Hegseth is innoverende en tegnoloë by die projek betrokke.

— AFP



Elon Musk praat Dinsdag met die media terwyl pres. Donald Trump toekyk.

10% AFSLAG OP WYNAANKOPE

WINDMEUL

PLAASMARK
3 OKTOBER 2026

08:00 tot 12:30 (onderdak) Wynverkope 09:00 tot 15:00.
BEPERKTE KAARTFASILITEITE. BRING KONTANT.
R44 & Vrygunspad, Paarl
Tel: 021 869 8100 | www.windmeul.com

BOSTON
CID

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Boston CID NPC gaan ’n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na ’n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/28.

Datum: 29 Oktober 2026
Tyd: 18:30
Plek: NG Church Vredelust 87 13th Avenue Boston

Net bona fide-lede van die Boston CID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die Boston CID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 20 Oktober 2026 (een week voor die vergadering) geregistreer wees.

Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.bostoncid.co.za of bel 076 197 6816